

LET WEL: INDIEN U 'N VERBRUIKER IS, KAN U OOR SEKERE STATUTÊRE REGTE BESKIK WAT NIE KONTRAKTUEEL WYSIGBAAR IS NIE. GEEN VOORSIENING IN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS SAL DIE WYSIGING VAN DAARDIE STATUTÊRE REGTE TOT GEVOLG HÊ DERMATE SULKE AANPASSINGS UITDRUKLIK DEUR TOEPASLIKE WETGEWING VERBIED WORD NIE. INDIEN 'N VERTALING VAN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS REGTENS WET IN ENIGE ANDER TAAL VERLANG WORD, SAL DIE ENGELSE WEERGAWE VAN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS VOORRANG GENIET DERMATE DAAR ENIGE KONFLIK OF TEENSTRYDIGHEID TUSSEN DIE ENGELSE WEERGAWE EN ENIGE VERTALING DAARVAN SOU WEES. INDIEN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS IN ENIGE ANDER TAAL AS ENGELS AAN U VERSKAF WORD, DOEN RIM DIT BLOOT VIR U GERIEF.

DIE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE-OOREENKOMS

Research In Motion Beperk of een van sy geaffilieerdes ("RIM") stel graag die volgende tot U beskikking:

"BlackBerry Probruiker-dienste" ("BlackBerry Prosumer Services") is dienste wat deur RIM ontwerp en aangebied word om aan RIM-kliënte sekere funksionaliteite te verskaf wat voorsien word deur RIM se BlackBerry-kopiereg-bediensersagteware sonder dat RIM-kliënte sulke bedienersagteware hoef aan te skaf. BlackBerry Probruiker-dienste sluit RIM se "BlackBerry-internetdiens" in. Die BlackBerry-internetdiens maak dit vir intekenaars moontlik om die volgende te doen: (a) integreer sekere IDV of ander derdeparty e-pos-rekening vir afstoot-gebaseerde aflewering na U Handproduk; (b) skep 'n toestel-gebaseerde e-pos-adres vir U Handproduk; en (c) toegang tot sekere Internetinhoud en -dienste. Die e-pos-funksionaliteit van die BlackBerry-internetdiens staan ook bekend as "MyEmail", "BlackBerry Internet Mail" en/of 'n produknaam wat spesifiek op U Lugtyd-diensverskaffer van toepassing is. Al die BlackBerry Probruiker-diens(te) of sekere daarvan mag nie deur U Lugtyd-diensverskaffer ondersteun word nie. Gaan asseblief beskikbaarheid hiervan by U Lugtyd-diensverskaffer na.

DIE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE WORD AAN U VERSKAF AS "DIENSTE" WAT DEEL UITMAAK VAN U "BLACKBERRY-OPLOSSING" VOLGENS DIE BEPALINGS VAN RIM SE STANDAARD BLACKBERRY-SAGTEWARE-LIENSIE-OOREENKOMS ("BBSLO") SOOS DEUR HIERDIE ADDENDUM AANGEPAS. HIERDIE ADDENDUM EN DIE BBSLO VORM GESAMENTLIK DIE "OOREENKOMS" VIR DIE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE EN DIE SAGTEWARE WAT U TESAME MET DAARDIE DIENSTE GEBRUIK. Tensy andersins hierin gedefinieer, sal alle terme in hoofletters wat hierin gebruik word, die betekenis dra wat in die BBSLO aan sulke terme in hoofletters toegeskryf word. DIE BBSLO WORD TESAME MET HIERDIE ADDENDUM OP U LUGTYD-DIENSVERSKAFFER SE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE-WEBWERF VERSKAF. INDIEN U PAS U BLACKBERRY-TOESTEL AANGESKAF HET, IS DIE HUIDIGE WEERGAWE VAN DIE BBSLO DIE SAGTEWARE-OOREENKOMS WAARTOE U MOES TOESTEMMING GEE TEN EINDE U BLACKBERRY-HANDSAGTEWARE TE GEBRUIK. INDIEN U WEENS WATTER REDE OOK AL NIE DIE HUIDIGE WEERGAWE VAN DIE BBSLO KAN OPSPOOR NIE, KAN DIT VERKRY WORD BY WWW.BLACKBERRY.COM/LEGAL OF DEUR RIM TE KONTAK BY LEGALINFO@RIM.COM. INDIEN U ENIGE VRAE OF BEKOMMERNISSE OOR DIE BEPALINGS VAN HIERDIE OOREENKOMS HET, KONTAK ASSEBLIEF VIR RIM BY LEGALINFO@RIM.COM.

DEUR IN TE STEM TOT HIERDIE LISENSIEBEPALINGS EN TE KLIK OP "EK AANVAAR" SOOS HIER ONDER AANGEDUI, STEM U AS INDIVIDU, OF, AS U GEMAGTIG IS OM DIE PROBRUIKER-DIENSTE NAMENS U MAATSKAPPY OF ANDER ORGANISASIE TE BEKOM, DAN STEM DIE ENTITEIT TOT WIE SE VOORDEEL U OPTREE (IN BEIDE GEVALLE "U") IN OM ONDERWORPE TE WEES AAN HIERDIE OOREENKOMS. LET ASSEBLIEF DAAROP DAT U MEERDERJARIG MOET WEES VOLGENS DIE WETTE VAN U JURISDIKSIE OM HIERDIE OOREENKOMS TE KAN AANGAAN. INDIEN U DIE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE WIL BEKOM, MAAR NIE MEERDERJARIG IS NIE, MOET U VOOG HIERDIE OOREENKOMS AANGAAN EN U GEBRUIK VAN DIE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE AS 'N "GEMAGTIGDE GEBRUIKER" MAGTIG.

INDIEN U VOOR DIE AKTIVERING OF GEBRUIK VAN DIE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE BESLUIT DAT U ONWILLIG IS OM TOE TE STEM TOT DIE BEPALINGS VAN HIERDIE OOREENKOMS, DAN HET U NIE

DIE REG OM HIERDIE DIENSTE TE VERKRY NIE, EN MAG OOK NIE ENIGE VAN DIE "SAGTEWARE" WAT MET HIERDIE DIENSTE VERBAND HOU, GEBRUIK NIE.

SPESIFIEKE BEPALINGS VIR DIE BLACKBERRY PROBRUIKER-DIENSTE

- 1. Definisie van "Dienste".** Ten einde enige twyfel te vermy, is die BlackBerry Probruiker-dienste wat hieronder verskaf word Dienste wat deel van U BlackBerry-oplossing volgens die BBSLO vorm.
- 2. Lugtyd-diensverskaffer.** Die BlackBerry Probruiker-dienste moet deur U Lugtyd-diensverskaffer ondersteun word en U moet 'n ooreenkoms met U Lugtyd-diensverskaffer vir hierdie Dienste hê. U maak geen oorbetalings vir BlackBerry Probruiker-dienste aan RIM nie; alle oorbetalings word aan U Lugtyd-diensverskaffer vir die BlackBerry Probruiker-dienste gedoen. Kontak asseblief U Lugtyd-diensverskaffer vir ondersteuning, aangesien RIM nie direk aan eindgebruikers ondersteuning verskaf nie.
- 3. Ongemagtigde Gebruik.** U moet RIM onmiddellik in kennis stel van enige ongemagtigde gebruik van U BlackBerry Probruiker-dienste. U stem ook in dat U nie funksionering van die BlackBerry Probruiker-dienste sal ontwig nie; dat U nie 'n ander eindgebruiker se wagwoord sal versoek, of op enige ander manier optree wat met ander eindgebruikers se gebruik van die BlackBerry Probruiker-dienste sal inmeng nie.
- 4. Beperkings op die Gebruik/Verandering van BlackBerry Probruiker-dienste.** U stem in dat RIM, sonder aanspreeklikheid teenoor U, aanpassings op beperkings van U gebruik van BlackBerry Probruiker-dienste mag vasstel en/of maak, en veranderinge aan die BlackBerry Probruiker-dienste mag maak, insluitend veranderinge wat enige bestaande BlackBerry Probruiker-dienste weselik beperk of degradeer. Waar dit uitvoerbaar is, sal RIM redelike pogings aanwend om kennisgewings van hierdie beperkings en/of wysigings daartoe op die BlackBerry Probruiker-dienste-webwerf te plaas, of U andersins in ooreenstemming met die BBSLO in kennis sal stel. U stem in om te hou by hierdie beperkings as 'n voorwaarde van U voortgesette toegang tot die BlackBerry Probruiker-dienste.
- 5. Verlore/Gesteelde/Oorgeplaaste Handprodukte.** 'n Unieke identifikasienommer vir U Handprodukt word gebruik om U e-pos-adres(se) met U Handprodukt te assosieer en om e-pos en ander data na daardie Handprodukt te stuur. Indien U U Handprodukt verloor of dit word gesteel, of as U U Handprodukt aan 'n derde party oordra (soos toegelaat deur die BBSLO en U Ooreenkoms met U Lugtyd-diensverskaffer), moet U na die BlackBerry Probruiker-dienste-webwerf gaan en onmiddellik U e-pos-adres(se) van daardie Handprodukt dissosieer.
- 6. Vereistes om Data te rugsteun of uit te wis.** Buiten dermate spesifiek deur toepaslike wetgewing verbied, aanvaar RIM geen aanspreeklikheid vir enige data wat na U Handprodukt versend word nie. RIM beveel aan dat U gereeld alle e-posse, inhoud en/of ander data op U Handprodukt rugsteun, aangesien sulke data nie deur RIM gestoor word nie. Indien U U Handprodukt (soos toegelaat deur die BBSLO) oorplaas, moet U alle data van U Handprodukt wis, en alle uitbreibare geheue verwyder, of hierdie data sal beskikbaar gemaak word vir die persoon wat daardie Handprodukt bekom.
- 7. Onwettige en ontoepaslike Gebruik.** Soos verder in besonderhede in die BBSLO uiteengesit, moet U nie die BlackBerry Probruiker-dienste of enige ander gedeelte van U BlackBerry-oplossing gebruik vir enige onwettige of ontoepaslike doel, insluitend sonder beperking, enige spoofery, strikroof, bestoking, teistering of kopiereg-oortreding nie. U is verantwoordelik vir onderworpenheid aan alle toepaslike wette en regulasies wanneer U die BlackBerry Probruiker-dienste gebruik. As die BlackBerry Probruiker-dienste gebruik word op 'n manier wat volgens RIM hierdie Ooreenkoms skend, kan RIM of sy agent enige verantwoordelike aksies wat hulle as toepaslik beskou, onderneem, maar hulle verkeer onder geen verpligting om dit te doen nie. Sulke aksie mag insluit, maar is nie beperk tot die volgende nie: tydelike of permanente verwydering van inhoud; blokkering of gedeeltelike blokkering van alle Internet-uitsendings en die onmiddellike opskorting of beëindiging van alle of enige gedeelte van die BlackBerry Probruiker-dienste en hierdie Ooreenkoms. RIM sal nie op enige wyse vir enige sulke responsiewe aksies aanspreeklik wees

nie. Bogenoemde aksies is nie RIM se eksklusiewe remedies nie en RIM mag enige ander wetlike, billike of tegniese aksies wat hy as toepaslik beskou, onderneem.

8. "VOETSTOOTS" en "SOOS BESKIKBAAR" en nie vir Missiekritiese Doeleindes nie. Anders as die BlackBerry-onderneming-sagteware, enkripteer BlackBerry Probruiker-dienste nie data-transmissies nie. Soos verder in besonderhede in die BBSLO uiteengesit, is draadlose dienste nie faalveilig nie en moet nooit vir missiekritiese doeleindes of vir toepassings wat faalveilige kontrole vereis, gebruik word nie; en dermate toelaatbaar deur toepaslike wetgewing en soos verder in besonderhede in die BBSLO uiteengesit, word die BlackBerry Probruiker-dienste "VOETSTOOTS" en "SOOS BESKIKBAAR" verskaf. RIM waarborg nie en kan nie waarborg nie dat die BlackBerry Probruiker-dienste voortdurend, ononderbroke, betyds, veilig of foutloos sal wees nie. RIM behou die reg voor om onderhoud te doen of andersins toegang tot die BlackBerry Probruiker-dienste op te skort om sagteware-foute reg te maak, opdatings te installeer, en diagnose en onderhoud van BlackBerry Probruiker-dienste te doen, wat RIM se vermoë om die BlackBerry Probruiker-dienste vir 'n sekere tydperk te verskaf, sal beperk.

9. Derdeparty-werwe, Sagteware, Dienste en Inhoud. U erken en stem in dat die BlackBerry Probruiker-dienste U in staat stel om toegang te verkry tot derdeparty-inhoud, derdeparty-webwerwe, derdeparty-sagteware en derdeparty-dienste, insluitend, sonder beperking, enige derdeparty-e-pos-dienste waartoe u met die BlackBerry Probruiker-dienste toegang verkry. Soos verder in besonderhede in die BBSLO beskryf, erken en stem U in dat RIM geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige derdeparty-inhoud, derdeparty-webwerwe, derdeparty-sagteware of derdeparty-dienste waartoe U toegang verkry of wat U bekom deur U gebruik van die BlackBerry Probruiker-dienste nie, en dat U verantwoordelik is vir enige kontrakte wat U op die Internet aangaan. Die bekendmaking van persoonlike inligting oor Usself of ander aan derdeparty waarmee u in wisselwerking tree wanneer U die BlackBerry Probruiker-dienste gebruik, moet altyd met omsigtigheid hanteer word.

10. Toestemming vir die Insameling van Persoonlike Inligting. Bykomend tot die voorwaardes wat verband hou met die insameling van persoonlike inligting in die BBSLO, magtig U RIM om solank as wat RIM dit as nodig beskou (maar nie langer as wat toelaatbaar is volgens toepaslike wetgewing nie) U persoonlike inligting soos dit verband hou met derdeparty-e-pos-dienste te versamel, te gebruik en te stoor, insluitend, sonder beperking, U gebruikersID en wagwoord vir elk van U derdeparty-e-pos-diensrekening(e), en om dit aan die toepaslike derdeparty-e-pos-diens bekend te maak vir aktivering, lewering van fakture, verskaffing, onderhoud en deaktiveringsdoeleindes.

11. Konflik. Indien enige van die voorwaardes en bepalings van hierdie Addendum strydig is met die voorwaardes en bepalings van die BBSLO of enige ander addendum of wysiging van die BBSLO, sal hierdie voorwaardes en bepalings voorrang geniet tot die mate van die inkonsekwensie, maar slegs tot die mate waartoe dit op die BlackBerry Probruiker-dienste van toepassing is.

Ek het hierdie Ooreenkoms insluitend hierdie Addendum en die BBSLO nagegaan en is bereid en gemagtig om die Toestemming vir die BlackBerry Probruiker-dienste te gee volgens die voorwaardes en bepalings soos in hierdie Addendum en die BBSLO uiteengesit.